19.5 RAPPORT 4 – DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – VERWIKKELINGE IN DIE ONDERWYS (Art 143)

19.5 REPORT 4 – DEPUTIES CHRISTIAN EDUCATION – DEVELOPMENTS IN EDUCATION (Art 143)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 3 verwys na die volgende ad hoc kommissie: Di P Venter (s), TJ van Vuuren, TV Moruri, oudle PWW Meijer, PWH Aucamp, NW Raphala met prof HG Stoker as adviseur.
Decision: Point 3 referred to the following ad hoc commisson: Revs P Venter (s), TJ van Vuuren, TV Moruri, elders PWW Meijer, PWH Aucamp, NW Raphala with prof HG Stoker as advisor.

C. Ds TJ van Vuuren rapporteer namens die ad hoc kommissie.
Rev TJ van Vuuren reports on behalf of the ad hoc commisson.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag: Acta:2015:251, 3.2 "Dit word aanbeveel dat die Sinode CO-deputate aanwys om kennis te neem en te rapporteer van tendense in die kurrikulum en die onderwys mbt die wyse waarop die Christelike leer en etos daarin beslag kry al dan nie. Kerkrade, ouers en onderwysers moet waar nodig ook hieroor geadviseer word". **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate (Acta 2015:251, 3.2)** "It is recommended that the Synod appoint Deputies CE to take note of and report on trends in curriculum and education in terms of the way in which Christian learning and ethos occupies a place therein or not. Church Councils, parents and teachers are to be advised accordingly, when necessary". **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem 2.1 *Ex-Model C Skole (Openbare Skole) meestal gesog* Ex-Model C skole is in aanvraag omdat dit goeie onderwys teen 'n redelike bekostigbare prys lewer. Die privaatskoolonderwys groei in die meeste gevalle waar daar nie 'n Ex-model C skool beskikbaar is nie of die plek beperk is soos in die stedelike gebiede, bv in die ooste van Pretoria. Sover ons kennis strek het daar nog nie openbare Afrikaanse Hoërskool in Suid-Afrika tot stand gekom nie sedert 1994 nie. Die goeie skole wat ons nou het moet behou en versterk word. Veral op die platteland is die meeste Ex-Model C skole parallelmedium. Dit wil sê dit bied 'n Afrikaanse en Engelse stroom in dieselfde skool. Die aansoeke van ouers en leerders wat in Engelsmedium in Ex-Model C skole onderrig wil word, oorskry altyd die	**2. Matters that the Synod take note of** 2.1 *Former Model C Schools (public schools) sought after* Former Model C schools are highly desirable, because it offers a good education at a relatively affordable cost. Private school education tends to grow whenever there are no former Model C schools in the area or numbers are limited, as in urban areas like the east of Pretoria. As far as we know, no new public Afrikaans high schools have been established in South Africa since 1994. The good schools we have need to be retained and strengthened. Most of the former Model C schools in rural areas are double-medium schools, offering an education in both Afrikaans and English in the same school. The applications of parents and learners seeking to receive education in English in former Model C schools vastly exceed the places available.

beskikbare ruimte by verre.	
2.2 *Behoud en uitbou van hoë gehalte skole* Bogenoemde is 'n kern belangrike taak van elke betrokke gemeenskap. Indien 'n skool tot niet gaan is dit uiteindelik maar die gemeenskaplike skuld van die betrokke gemeenskap. Soos genoem onder die eerste punt verskaf Ex-Model C skole goeie onderwys. Waarskynlik is die meeste kinders in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Ex-Model C skole.	2.2 *Retaining and expanding high-quality schools* The above is a crucial task for every community. It is usually the relevant community's fault when a school closes down. As mentioned, former Model C schools offer a good education and it is safe to assume that most children of the GKSA attend former Model C schools.
2.3 *Beheerliggaamverkiesings Maart 2018* Ouers moet aangemoedig word om te staan en te stem in bogenoemde verkiesings. Die Beheerliggaam bepaal die etos, aard en karakter van 'n betrokke skool. Daarby bepaal huidige wetgewing dat beheerliggame die bevoegdheid het om te bepaal wie die onderwysers is wat vir hulle kinders skool hou. Die beheerliggaam is ook verantwoordelik vir die finansiële bestuur van 'n skool. In kerkverband behoort ouers aangemoedig te word om betrokke te wees.	2.3 *Governing body elections March 2018* Parents must be encouraged to stand for and vote in such elections. The Governing body determines the ethos, nature and character of a school. According to current legislation, governing bodies have the power to choose the teachers that are to educate their children and they are also responsible for the financial management of a school. Parents within the GKSA need to be encouraged to become involved.
2.4 *Suksessiebeplanning en leierskap* Daar is 'n groot tekort aan potensiële onderwysleiers in hoofposte. Die vraag oorskry die aanbod. Soos die huidige geslag hoofde aftree sal hierdie tekort groter word. Die ouderdomsprofiel van hoofde is grys wat hierdie feit verder onderstreep. Daarom moet beheerliggame en ouers van betrokke skoolgemeenskappe baie sterk kyk na suksessiebeplanning en vroegtydig geskikte kandidate werf om aansoek te doen vir vakante hoofposte. Soos met die kaptein van 'n skip is dit 'n bewese feit dat hoofde wat nie die mas opkom nie, 'n baie negatiewe invloed het op die groei en ontwikkeling van 'n skool.	2.4 *Succession planning and leadership* There is a great shortage of potential education leaders in high-ranking posts, the demand exceeds the supply and with the retirement of the current generation of principals this shortage will only increase. The age profile of principals is a grey area, which is also a contributing factor. Governing bodies and parents of school communities therefore need to carefully review their succession planning and timeously recruit suitable candidates to apply for vacant principal posts. As with the captain of a ship, it is a proven fact that principals who are not up to the job have a negative impact on the growth and development of a school.
2.5 *Dienslewering deur die Departemente van Onderwys* Groot probleme word ondervind met die betaling van salarisse en toelae (bv tydelike onderwysers). Departemente van Onderwys het gewoonlik nie die nodige kapasiteit om administratiewe funksies effektief te verrig nie.	2.5 *Service delivery by the Department of Education* Payment of remuneration and benefits (e.g. temporary teachers) is tremendously problematic at present. The various departments of education simply don't have the capacity to conduct their administrative functions effectively.
2.6 *Godsdiens in skole saak* Dit is vir die Ex-Model C skole en belanghebbendes soos die SAOU en	2.6 *Religion in schools* It is very important to former Model C schools and stakeholders such as the

Fedsas baie belangrik dat die huidige godsdiensbeleid in stand gehou moet word. Dit beteken dat die godsdienskarakter van 'n skool deur die beheerliggaam bepaal word, op voorwaarde dat die deelname op vrywillige en niediskriminerende wyse geskied. Dit het op hede X-Model C skole toegelaat om byvoorbeeld 'n Christelike etos te hê. Die hof het die Beleid oor Religie en Onderwys van 2003 bevestig. Wat waarskynlik in die toekoms sal gebeur is dat die provinsiale departemente van Onderwys meer noukeurig sal toesien dat die beleid uitgevoer word. 'n Belangrike aspek is dat skole (bv) voorsiening moet maak vir aparte skoolopeninge indien nie-Christen-ouers dit versoek.	SAEU and Fedsas that the current policy on religion remains in place. It stipulates that the religious character of a school may be determined by the governing body, as long as participation occurs in a voluntary and non-discriminatory manner. It has allowed former Model C schools to have, for example, a Christian ethos and the courts have confirmed the 2003 Policy on Religion and Education. In future provincial departments of education will probably take greater care to ensure that the policy is enforced. It is important for schools (e.g.) to make provision for separate school openings should non-Christian parents request it.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.6 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit <u>Aanbeveling</u> 3.1 Dat die Deputate op hoogte bly van die verwikkelinge in die onderwys, met die doel om Kerkrade, ouers en onderwysers hieromtrent in te lig en te adviseer.	**3. Matters that the Synod decide on** <u>Recommendations</u> 3.1 the Deputies stay abreast of developments in education in order to inform and advise Church Councils, parents and teachers accordingly.
Besluit: Punt 3 verwys na die volgende ad hoc kommissie: Di P Venter (s), TJ van Vuuren, TV Moruri, oudl PWW Meijer, PWH Aucamp, NW Raphala met prof HG Stoker as adviseur.	**Decision: Point 3 referred to the following ad hoc commisson: Revs P Venter (s), TJ van Vuuren, TV Moruri, elders PWW Meijer, PWH Aucamp, NW Raphala with prof HG Stoker as advisor.**

E. **RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE / REPORT FROM THE AD HOC COMMISSION**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 Die Kommissie is gelei deur onlangse hofsake in verband met Christelike onderwys.	1.1 The Commission was lead by recent court cases with regard to Christian education.
1.2 Die Kommissie het die saak deeglik bespreek en advies ontvang van proff HG Stoker en J Smit.	1.2 The Commission discussed the matter thoroughly and received advice from proff HG Stoker and J Smit.
1.3 Die Kommissie is van oordeel dat hierdie so 'n kritiese saak is, dat dit 'n dag van verootmoediging en gebed sou regverdig.	1.3 The Commission judges that this is a critical matter, and that it justifies a day of atonement and prayer.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 Die Sinode roep alle gemeentes en lidmate op om voorbidding te doen vir hierdie uitdaging om vanuit 'n Christelike lewens- en wêreld-	2.1 The Synod calls upon all congregations and members to intercede and pray for this challenge to witness from a Christian life- and worldview.

beskouing in die onderwys te getuig. **Besluit: Goedgekeur.**	 **Decision: Approved.**
2.2 Die Deputate moet sover as moontlik op hoogte bly van al die nuutste ontwikkelinge in die onderwys en om die nuutste inligting en advies te deel met Kerkrade en alle ander belanghebbendes. **Besluit: Goedgekeur.**	2.2 The Deputies must, as far as it is possible, stay up to date of all the newest educational developments and share the latest information as well as advice with the Church Councils and relevant interested parties. **Decision: Approved.**
2.3 Die CO Deputate kan, in samewerking met die Regsdeputate soos dit nodig is, veral kerke bystaan in die toepassing van die Kerkorde (KO, art 21). **Besluit: Goedgekeur.**	2.3 The CO Deputies can, in co-operation with the Deputies Legal Matters, as it is necessary, assist Churches in the application of the Church Order (CO, art 21). **Decision: Approved.**
2.4 'n Mandaat word aan die CO Deputate gegee om Kerkrade, opvoeders, ouers en kinders in onderwyssake by te staan in die lig van moontlike regs-geskille of ontwikkeling van nuwe toe-paslike wetgewing. **Besluit: Goedgekeur.**	2.4 The mandate is given to the CO Deputies to assist Church Councils, educators, parents and children in matters of education in light of possible legal disputes or development of new relevant legislation. **Decision: Approved.**
2.5 Waar moontlik moet die CO Deputate skakel met die Deputate Ekumeniese Sake in die ontwikkeling van 'n gesamentlike strategie. **Besluit: Goedgekeur.**	2.5 Where possible, the CO Deputies must liaise with the Deputies Ecumenicity in the development of a joint strategy. **Decision: Approved.**
2.6 Die CO Deputate na oorleg met die Regsdeputate en ander kundiges ontvang die opdrag om waar nodig 'n voorkomende toepaslike strategie te ontwikkel in reaksie op die georganiseerde aanslag in die howe teen 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die onderwys. En om die ontwikkelde strategie dan aan alle belanghebbendes beskikbaar te stel. **Besluit: Goedgekeur.**	2.6 The CO Deputies, in consulation with the Deputies Legal Matters and other experts receive the assignment to, where necessary, develop a relevant strategy in reaction on the organised onslaught in the courts against a Christian world- and lifeview. And to make available the developed strategy to all interested parties. **Decision: Approved.**